
# 24 Maart

**SKRIF:Lukas 22:42-46**
“My Vader, kan U nie asseblief u plan verander sodat Ek nie meer hierdie pad van swaarkry hoef te loop nie? Maar Ek probeer nie nou self ander planne maak nie. Doen wat U wil. Ek val daarby in!”
Terwyl Jesus bid, kom ‘n engel na Hom toe om Hom krag te gee. Jesus het so ernstig gebid dat Hy later nat van die sweet was. Dit het soos bloeddruppels van Hom afgeloop en op die grond geval.
Toe Jesus klaar gebid het, staan Hy op en stap terug na sy dissipels toe. Hulle was vas aan die slaap. ‘n Paar van hulle het met trane in die oë aan die slaap geraak toe hulle sien hoe swaar Jesus kry. Hy sê vir hulle: “Word Wakker! Bid dat julle nie sonde doen nie.”




**AANDAG: Gesels met mekaar oor vandag se gedeelte. Hier sien ons hoe verskriklik intens was Jesus se emosies. Hy het geweet watter vreeslike lyding op Hom wag en was so vol angs dat Hy amper nie kans gesien het daarvoor nie. God stuur ‘n engel om Hom te versterk, maar sy vriende is te moeg om Hom te ondersteun - hulle raak sommer aan die slaap**

**NEEM DIT AAN:**

- As jy alleen in ‘n donker kamer toegemaak word, sal jy baie bang voel! Jesus was ook doodbang.
- As jy bang is kan jy ook bid dat God ‘n engel stuur om jou te help. Al sal jy dalk nie die engel sien nie, sal jy minder bang en rustiger voel.
- As jy weet van iemand wat probleme het, moet jy onthou om vir hom/haar te bid en te ondersteun.

**GEBED:** Hemelse Vader, help ons om nie net vir onsself nie, maar vir almal te volhard in gebed. Help ons om waaksaam te wees as ons bid. Amen.

# 25 Maart

**SKRIF: Lukas 22:47-51**

Terwyl Jesus praat kom Judas, een van sy dissipels, daar aan met ‘n groot skare mense. Hy stap tot by Jesus en soen Hom voor almal.

“Judas, verraai jy My met ‘n soen?” vra Jesus hom.

Die ander dissipels was baie geskok toe hulle sien Judas is die verraaier. “Here, sê net, dan baklei ons!” sê hulle vir Jesus. Een van die dissipels pluk toe ‘n swaard uit en kap een van die hoofpriester se slawe se oor af. “Hou dadelik op!” sê Jesus vir hom. Toe maak Hy die slaaf se oor gesond.



**AANDAG: Maak jou oe toe en sien die verhaal in jou gedagtes. Sien jouself as een van die dissipels. Hoe sou jy opgetree het as die klomp soldate saam met Judas daar aangekom het?**



**NEEM DIT AAN:**

- Ons lees dat Judas vir Jesus met ‘n soen verraai het. Dit beteken dat jou beste vriend of vriendin jou kan teleurstel. Hulle kan van jou skinder, leuens vertel of jou geheime veklap. Dit maak ‘n mens baie hartseer. Maak seker dat jy dit nie aan jou vriende doen nie.
- Jesus was so bang en teleurgesteld, maar toe Petrus die slaaf se oor afkap het Jesus nog steeds goed gedoen deur die slaaf se oor gesond te maak. Kry jy dit reg om al is jy kwaad nog steeds die regte goed te doen? Nie te skreeu, vloek, skel en slaan nie?
- Het jy al die armbandjies gesien waarop staan “What Would Jesus Do”? Dit kan mens help om altyd te probeer om soos Jesus op te tree.

**GEBED:**

Here Jesus, U liefde bring genesing al is U met ‘n soen verraai. U liefde skenk vergewing, al het vriende teen U gedraai.

# 26 Maart

**SKRIF: Lukas 22:52-53**

Hierna sê Jesus vir al die belangrike godsdienstige leiers en die soldate wat Hom kom vang het. “Is Ek ‘n gevaarlike skelm dat julle met al hierdie wapens op My toesak? Die heeltyd het Ek daar in die tempel vir julle gepreek. Hoekom het julle My nie toe gevang nie? Hoekom kom julle in die middel van die nag op My af asof Ek ‘n skelm is? Maar, nou ja, julle wag al so lank vir hierdie oomblik.”

**AANDAG: Vertel vir mekaar hoe julle dink Jesus gevoel het. Hoekom dink julle het die godsdiensleiers Jesus nie in die dag by die tempel gevang nie, maar in die nag toe dit donker was?**



**NEEM DIT AAN:**
Die Bybel leer ons dat dinge wat verkeerd is nie altyd gesien kan word nie. Dit is hoekom Jesus vir hulle gesê het dat hulle Hom altyd by die tempel gesien het, maar Hom toe nooit gevang het nie, waar mense dit kon sien nie.
Bose dinge gebruik in die duisternis. Dit is wanneer jou gedagtes vol sonde is en jy toelaat dat dit wat jy dink gedoen word. Niemand kan jou gedagtes lees nie. Niemand kan weet wat jy dink om te doen nie. Hulle gaan net sien wat jy doen. Jou gedagtes is donker wanneer jy aan moord dink, vuil grappe vertel, skinder en alles anders wat jy weet sonde is.
Wanneer jou gedagtes vol lig is dink jy aan wat Jesus sou doen. Jy dink hoe jy goed kan doen aan ander mense, lief kan wees vir hulle, gehoorsaam kanwees aan jou ouers en onderwysers,.
Onthou dit wat jy lees, luister en kyk bepaal jou gedagtes.

**GEBED:** Luister na die liedjie “This little light of mine” as ‘n gebed en sing dit sommer weer en weer.

# 27 Maart

**SKRIF: Lukas 22:54-56**

Die mense het Jesus gevang. Hulle vat Hom toe na die hoofpriester se huis toe. Petrus het agter hulle aangestap. Hy het gesien dat 'n klompie mense by 'n vuur in die agterplaas staan om hulle warm te hou. Hy gaan sit toe tussen hulle. Een van die vrouens wat in die kombuis werk, het hom herken. Sy sê vir die ander: "Ek het daardie man saam met Jesus van Nasaret gesien."

**AANDAG: Wat ons uit die gedeelte leer:**

- **Petrus was lief vir Jesus. Hy het Jesus op 'n afstand gevolg en op die binneplein saam met ander gewag om te sien wat met Jesus gaan gebeur.**
- **Petrus was bang. Hy het gesien hoe hulle Jesus gevange neem en wou nie in die tronk beland nie.**
- **Omdat Petrus bang was het hy vir die diensmeisie gesê dat hy nie saam met Jesus was nie. Wat dink jy het van al die ander dissipels geword as dit net Petrus was wat vir Jesus gevolg het?**



**NEEM DIT AAN:**


Waaroor gesels julle graag as julle so by 'n vuurtjie sit?
Is jy skaam of bang om voor jou maats oor Jesus te praat?
Is jy lief vir Jesus?
Wat sou jy gedoen het as jy Petrus was?

**GEBED:** Sê vir die Here hoe lief jy vir Hom is. Vra dat Hy jou sal help om nooit skaam of bang te wees om vir jou maats of ander mense te sê dat jy Sy kind is nie!

# 28 Maart

**SKRIF: Lukas 22:57-62**
Petrus het sy kop geskud en sê: Jy maak ‘n fout! Ek ken daardie Man glad nie.”
‘n Rukkie later sê iemand anders vir Petrus: “Jy is een van die volgelinge van Jesus!”
“Jy’s laf!” antwoord Petrus vinnig.
‘n Uur later sê nog iemand vir die mense. “Hierdie man is ‘n volgeling van die Man van Nasaret. Luister na sy taal. Hulle klomp daar in Galilea praat mos anders as ons hier in Jerusalem.”
“Is jy laf? Ek was nog nooit naby Hom nie,” antwoord Petrus. Terwyl hy nog praat, het ‘n haan gekraai. Jesus draai om en kyk Petrus vas in die oë. Toe onthou Petrus die Here se woorde: “Nog voor die haan môreoggend kraai, sal jy drie keer maak of jy My nie ken nie.” Petrus het dadelik weggehardloop. Hy het gehuil.

**AANDAG: Gesels met mekaar oor hoe Petrus dalk gevoel het toe die haan kraai.**



**NEEM DIT AAN:**
Wat ons uit die gedeelte leer:

- Ons maak Jesus hartseer met ons **woorde**. Wanneer ons lelik praat van ander, skinder, vloek, vuil grappe vertel, skreeu en kwaad word.
- Ons maak Jesus hartseer op die manier waarop ons **leef.** As ons ongeskik is, as ons ongeduldig is met ander, as ons kwaad word in die verkeer en lelike vingertaal gebruik.
- As ons al hierdie dinge doen is ons net so skuldig soos Petrus,. Dan sê ons ook dat ons nie vir Jesus ken nie.
- Petrus was baie hartseer oor wat hy gedoen het. Is ons ook hartseer wanneer ons Jesus hartseer maak of dink ons nie dit is verkeerd nie? Dink jy dit is reg omdat iemand in jou gesin of iemand wat jy ken dit doen?
- Net soos Jesus later vir Petrus vergewe het, vergewe Hy ons ook wanneer ons hartseer is oor ons sonde en Jesus vra om ons te vergewe.

**GEBED:**
Here Jesus, vergewe my asseblief wanneer ek U hartseer maak en help my asseblief om niks te doen wat ek weet verkeerd is nie. Amen

# 29 Maart

**SKRIF: Lukas 22:63-65**

Die mense wat Jesus gevang het, het Hom gespot en Hom geslaan. Hulle het gesê: “Toe, sê vir ons wat is die man se naam wat jou slaan?” Hulle het ook allerhande lelike dinge vir Hom gesê.

**AANDAG: Is daar boelies in jou skool?**
**Hoor by mekaar of julle al gespot en geslaan was.**
**Jesus weet alles al het hulle sy oe toegebind. Ons kan niks vir Hom wegsteek nie.**




**NEEM DIT AAN:** Jesus weet wat in jou lewe gebeur en wat ander aan jou doen en wat jy aan ander doen.
Wanneer iemand iets verkeerd aan jou doen moet jy weet dat Jesus weet. Bid en vertrou Hom om dinge wat verkeerd aan jou gedoen word reg te maak. Dalk moet jy ‘n lang ruk wag, maar weet, glo en vertrou dat Jesus dit beter gaan maak.
Maak vir jou ‘n boekmerk met die woorde: God weet alles.

**GEBED:**
Duim - Sê vir die Here dankie vir jou familie en vriende.
Wysvinger - Sê dankie vir die kerk wat vir ons leer was is reg en wat is verkeerd.
Middelvinger - Sê dankie vir die Polisie en Sekuriteitsmense wat ons beskerm teen misdadigers wat ons wil seermaak.
Ringvinger - Bid vir siek mense, oumense en almal was swak is, dat die Here hul sal beskerm.
Pinkie - Sê dankie dat die Here altyd by jou is.
Handpalm - Prys God dat Hy groot en almagtig is.